

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Aanleiding tot hierdie studie

Die idee van 'n geïntegreerde akademiese werkstasie is veral in die tagtiger- en begin negentigerjare gepropageer as 'n moontlike oplossing vir die persoonlike inligtingbestuur- en -hanteringsprobleme van akademië. So 'n werkstasie impliseer die ondersteuning van akademië se persoonlike inligting- en kennisbestuur (spesifiek die persoonlike insameling, verwerking, skep en verpreiding van inligting en kennis) deur die inligtingtegnologie op 'n geïntegreerde wyse (Pienaar et al, 1993; Pienaar, 1991; Pienaar, 1990).

Die Internet het teen die einde van die tagtigerjare meer algemeen beskikbaar geraak as 'n navorsings- en kommunikasiehoopmiddel. In 1991 is die eerste World Wide Web navigeerders bekend gestel, terwyl soekenjins in 1994 hulle verskyning gemaak het in 'n poging om Webinligting effektief te herwin. Die belangrikste Webontwikkeling van 1998 word gesien as die omskakeling van generiese soekenjins na Webportale, terwyl die parallelle verskyning van korporatiewe portale as die belangrikste Webontwikkeling van 1999 gesien word. 'n Webportaal kan omskryf word as 'n Webruimte vir 'n spesifieke teikengehoor wat 'n verskeidenheid inhoud byeenbring en 'n aantal dienste aanbied, soos byvoorbeeld soekenjins, nuus, elektroniese pos, geselskamers en intydse aankope (Melzer, 1999).

1.2 Die probleem

Die moontlikheid bestaan dat die konsep en funksionaliteit van Webportale die persoonlike inligting- en kennisbestuur van akademië kan ondersteun soos wat deur die akademiese werkstasie van die jare 80 gepropageer is. Na aanleiding van hierdie moontlikheid kan die sentrale navorsingsvraag soos volg gestel word:

Watter faktore moet in ag geneem word tydens die ontwerp van 'n Webportaal vir akademië?

Die sentrale navorsingsvraag word aan die hand van die volgende meer spesifieke vrae ondersoek:

- ◆ Waaruit bestaan akademië se persoonlike kennis- en inligtingbestuur? Tot watter mate het die Internet, en meer spesifiek die Web, reeds die wetenskaplike kennisiklus beïnvloed?
- ◆ Tot watter mate kan die konsep en funksionaliteit van Webportale die persoonlike kennis- en inligtingbestuur van akademië ondersteun?
- ◆ Watter inligtingbronne, dienste en hulpmiddels benodig akademië as deel van 'n Webportaal?
- ◆ Hoe aanvaarbaar is die idee van so 'n Webportaal vir akademië en watter probleme voorsien hulle ten opsigte van die implementering daarvan?
- ◆ Verskil akademië wat onderskeidelik as navorsers en opleiers presteer se behoeftes in terme van 'n Webportaal? Watter ander verskille is daar?
- ◆ Wat is inligtingkundiges se siening oor die inhoud, funksionaliteit en waarde van 'n Webportaal vir akademië?
- ◆ Wat is die implikasies van hierdie studie vir die ontwerp van 'n Webportaal vir akademië? Kan riglyne vir die ontwerp van so 'n Webportaal afgelei word? Hoe sou so 'n Webportaal daar uitsien?

1.3 Doel van die studie

Die studie is in hoofsaak 'n empiriese studie met as hoofdoel om riglyne te bepaal vir die ontwerp van 'n Webportaal vir akademië.

1.4 Navorsingsmetode

Daar is kortliks na die literatuur gekyk ten einde 'n inligting- en kennisbestuurmodel te identifiseer om as konsepsuele basis vir die studie te dien. Daar is ook vlugtig gekyk na die ontwikkeling van geskikte inligtingtegnologie om akademië se taakverrigting te ondersteun.

Die stappe van die empiriese navorsingsiklus (Boshoff, 1988) is vir die studie gevolg. Dit behels die volgende fases: probleemdefinisiefase, navorsingsontwerp, dataversameling en -ontleding en die interpretasie van resultate. Die gekose navorsingsontwerp is 'n gevallestudie, en daar is van kwalitatiewe insameling- en verwerkingsmetodes gebruik gemaak.

Die gevallestudie word in hierdie studie gekombineer met aspekte van kwasi-eksperimentele ontwerp, deelnemende aksienavorsing en die ontwerp- en ontwikkelingsproses (sogenaamde "embedded design") (Hammersley, 1992: 185, 198).

1.5 Waarde van die studie

Hierdie studie kan aan akademië 'n gesofistikeerde hulpmiddel verskaf wat hulle in staat sal stel om op 'n meer koste-effektiewe wyse hulle persoonlike akademiese inligting en kennis te hanteer en te bestuur.

1.6 Beperkings van die studie

Die beperkings van die studie is inherent aan beperkings van die gekombineerde navorsingsontwerp. Oorsaaklikheid en verbande gaan nie bepaal word nie. Aangesien daar van 'n doelbewuste steekproef gebruik gemaak word, kan die resultate van die studie ook nie veralgemeen word nie.

1.7 Indeling van hoofstukke

Die studie word soos volg ingedeel met die oog op die beantwoording van die sentrale navorsingsvraag:

In hoofstuk 1, wat die inleiding tot die studie is, word aspekte wat tot die studie aanleiding gegee het kortliks bespreek. Daarna word die probleem in die vorm van enkele vrae geformuleer, waarna die doel van die studie gestel word. Die metode, waarde en beperkings van die studie word dan bespreek.

Hoofstuk 2 is 'n literatuuroorsig en behels twee aspekte. Eerstens word ondersoek ingestel na die identifisering van 'n persoonlike inligting- en kennisbestuurmodel om as konsepsuele basis van die studie te dien. Tweedens word daar gekyk na die ontstaan en ontwikkeling van Webportale en wat die huidige stand van sake is. Daar word ook gekyk na die mate wat die konsep van Webportale persoonlike inligting- en kennisbestuur kan ondersteun.

In hoofstukke 3 en 4 word die empiriese studie se navorsingsontwerp en bevindings bespreek. Onderhoude is gevoer met 'n doelbewuste steekproef van agt akademici aan die Universiteit van Pretoria ten einde te bepaal waaruit hulle bestuur van inligting en kennis bestaan, en of daar 'n behoefte bestaan vir 'n Webportaal om hulle taakverrigting te ondersteun. Tydens die gestruktureerde onderhoude het die akademici ook 'n prototipe portaal op die Web deurgewerk en geëvalueer. 'n Fokusgroepsessie is met vyftien inligtingkundiges van die Akademiese Inligtingdiens (AI), Universiteit van Pretoria, gevoer ten einde ook hulle evaluasie van die Webportaal te verkry.

Riglyne word in hoofstuk 5 op grond van die empiriese studie afgelei, wat van waarde kan wees vir die ontwerp van 'n Webportaal vir akademici.

Die evaluering en bespreking van bevindings vind in hoofstuk 6 plaas aan die hand van die navorsingsvrae.